

## **DIE SHABBAT**

### **LES 2: HOEKOM ONDERHOU ONS DIE SHABBAT?**

#### **Inleiding**

1. In Les 1 van ons studie is die instelling van die Shabbat ondersoek, asook hoekom YHVH die Shabbat geseën en dit afgesonder (geheilig) het en ons beveel het om die Shabbat te gedenk. Ons het ook geleer dat die Shabbat 'n toets van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah (onderrig en instruksies) is.
2. Die Shabbat is YHVH, die Almagtige, se oomblik in tyd wat spesiaal opsy gesit word en waar Hy saam met die mens wil rus (*shabbat*). Dit is 'n ewige instelling en deel van YHVH se skepping. Hy sal dit nie verander nie, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).
3. Die betekenis van *gedenk, heilig en seën* is ook ondersoek en is sentraal tot hoekom ons die Shabbatsgebod moet gehoorsaam. Laat ons dit egter verder ondersoek en verstaan hoekom die Shabbat anders is as enige ander dag van die week. Die Shabbat is YHVH se afspraak met die mens!! Soos die feeste van YHVH volgens Levitikus 23 spesiale afsprake van YHVH met die mens is, net so is die Shabbat 'n spesiale afspraak in die week. Ons moet dus verstaan hoekom ons hierdie afspraak moet nakom en ook die geestelike waarde daarvan verstaan.

#### **'n Eiland in Tyd.**

1. Die kalender waarvolgens die mens leef word vasgestel deur sekere natuurwette (wette van astronomie) wat deur YHVH vasgestel is. Dit bestaan uit dae, maande en jare. 'n Dag is die tyd wat dit die aarde neem om 'n 360° omwenteling op sy as te voltooi. 'n Maand is die tyd wat dit die maan neem om sy siklus van nuwe maan tot volmaan tot donkermaan te voltooi soos dit om die aarde wentel. 'n Jaar is die tyd wat dit die aarde

neem om een volledige omwenteling om die son te maak. Alles onveranderlike en meetbare natuurwette soos deur YHVH vasgestel is.

2. Maar wat nou van die periode in tyd bekend as 'n week? Dit is nie 'n natuurwet nie! Nee, dit is deur YHVH die Almagtige ingestel as 'n wet wat eie is aan Hom en nie direk deur een van Sy natuurwette bepaal word nie. Die sewe dae siklus bekend as 'n week gedenk geen astronomiese gebeurtenis soortgelyk soos 'n dag, 'n maand of 'n jaar nie. 'n Week gedenk net een gebeurtenis, naamlik die sewe dae van YHVH se skepping soos in Torah beskryf word. YHVH het die periode in tyd bekend as 'n week (7 dae) uitsluitlik ingestel as herinnering aan Sy Skepping. Die sewende dag is 'n periode in tyd waar ons YHVH se skepping gedenk (*zakar* – verwys Les 1). Die Shabbat is die hoogtepunt van die weeklikse siklus. YHVH het die siklus van ses dae werk en die sewende dag van rus ingestel sodat die mens sy lewe daarvolgens kan beplan.
3. Die wêreld, insluitend die grootste gedeelte van die kerk, rebelleer egter teen hierdie bepaling (wet) van YHVH en rebelleer dus teen die Almagtige. Mense beskou die Shabbatsgebod as 'n beperking van hulle vryheid ten opsigte van handeldryf, sport en ontspanning. Die werklike waarde van gehoorsaamheid aan die Shabbatsgebod word geensins verstaan nie, selfs nie deur die kerk nie. Hulle sien die Shabbat soos enige ander dag, maar met sekere moets en moenies wat deel van die wette van die ou verbond is en waarvan, so word geglo, hulle verlos is.
4. Die Shabbat is egter veel meer as net 'n dag van rus met sekere moets en moenies. Sou dit slegs bedoel wees as 'n fisiese rusdag, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Sou dit ook slegs 'n dag wees waar die mens aan sekere voorskrifte moet voldoen, dan sou enige ander dag ook geskik wees. Maar YHVH die Skepper is baie spesifiek in dié dat Hy die **sewende dag** geseën en geheilig (afgesonder, toegewy) het en ons beveel het om dit te gedenk. Dit wat die Almagtige geseën en geheilig (afgesonder) het, sal vir ewig geseënd en afgesonderd wees. Geen mens kan dit verander nie.
5. Om te seën en af te sonder (te heilig) het 'n baie groter geestelike as fisiese betekenis. Soos ons in Les 1 gesien het, het YHVH Sy goedheid en guns (Sy seën) oor die sewende dag verklaar. Om te seën is om dit wat geseën word vry te maak van enige beperkinge en hindernisse. Die Shabbat is dus soos 'n eiland in tyd met onbeperkte geestelike potensiaal – meer as enige ander dag van die week. Dit is 'n dag wat geestelike vernuwing en geestelike "varsheid" bied wat meer is as wat enige ander dag van die week die mens kan bied. Hoewel die Shabbat ook fisiese rus aan ons liggame bied, is die geestelike beloftes die vernaamste rede vir die Shabbatsgebod. Luister na die woorde van die profeet Jesaja:

*As jy jou voet terughou van die Shabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die heilige*

*dag van YHVH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in YHVH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YHVH het dit gespreek. Jes. 58:13 en 14*

6. YHVH het dus die Shabbat vir die mens gemaak (Mark. 2:27) sodat elkeen wat dit 'n verlustiging noem en dit gedenk, oorfloedig geseën sal word.

## **'n Gedenkteken**

1. Die Shabbat is die gedenkteken van YHVH se Skepping en van Sy skeppingskrag en skeppingsvermoë. Dit dien as 'n ewige herinnering van die feit dat YHVH die hemel en die aarde en alles wat daarin is geskape het. Een van die mees uitstaande kenmerke wat YHVH die ware God van enige ander god onderskei, is die feit dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is.

*Maar YHVH is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning; vir sy toorn beef die aarde, en die nasies kan sy grimmigheid nie verdra nie – so moet julle vir hulle sê: Die gode wat die hemel en die aarde nie gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af en onder hierdie hemel uit – Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand. Jer. 10:10 tot 12.*

2. So het Paulus ook aan die Atheners wat baie godsdienstig was, maar afgode aanbid het, gesê:

*Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Meester van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. Hand. 17:23 tot 25.*

3. Een van die redes hoekom ons die Shabbat moet gedenk is juis om as voortdurende herinnering te dien dat YHVH ons God die Skepper van hemel en aarde is en dat Hy die enigste ware lewende God is. Daarom lees ons in Ex. 31:17 die volgende:

*Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; **want** in ses dae het YHVH die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.*

4. Verder lees ons ook in Eseg. 20:20 die volgende:

*En heilig my Shabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle **kan weet** dat Ek YHVH julle God is.*

Die Shabbat is die teken tussen YHVH en ons (Sy volk, Sy kinders) sodat ons deur onderhouding van die Shabbat sal **weet** dat YHVH ons God is.

5. Om **te weet** (*yada* in Hebreeus) het dieselfde betekenis as om **te ken** deur 'n intieme verhouding. Hoe belangrik is dit om YHVH te ken? Yeshua gee vir ons die antwoord toe Hy gesê het (Joh. 17:3): *En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Yeshua Messias wat U gestuur het.* Om die Shabbat te gedenk en af te sonder (te heilig) is deel van die ontdekkingsreis om YHVH intiem te leer ken. Dit vorm deel van die liefdesverhouding tussen YHVH en Sy kinders.

### **Teken van Afgesonder (Heiligmaking)**

1. Om iemand of iets *te heilig* (heiligmaking, *sanctified, sanctification*) beteken om die persoon, of dit wat geheilig word, af te sonder (uit te sonder, *set-apart*) en toe te wy aan YHVH. Die Shabbat is ook die teken tussen YHVH en Sy volk wat as bewys (gedenkteken) dien dat Hy die Een is wat ons afsonder (heilig).

*Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my Shabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek YHVH is wat **julle heilig**.*  
Ex. 31:13

Die woord *teken* (*a sign*) in Hebreeus het ook die betekenis van 'n vlag ('n bannier), 'n baken of monument wat vir almal sigbaar is.

2. Om die Shabbat te gedenk, is die bewys, asook die geloofsverklaring, dat jy jousef as afgesonder (*set-apart, toegewy*) vir YHVH jou God en Vader beskou. Die onderhouding van die Shabbat is dit wat YHVH se volk onderskei van enige ander volk.
3. Afgesonder is alleenlik moontlik in Yeshua Messias deur die skeppingskrag (werking) van die Gees van YHVH. Yeshua het deur YHVH vir ons *wysheid uit God en geregtigheid en **heiligmaking** en verlossing* geword (1 Kor. 1:30). Ons is YHVH se *maaksel, geskape in Yeshua Messias tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.* (Ef. 2:10).
4. Die Shabbat is 'n teken van afgesonder en derhalwe ook van wat Yeshua Messias vir die gelowige beteken, want dit is ook 'n ewige herinnering van die skeppingskrag van YHVH soos deur wedergeboorte openbaar word.

Die Shabbat is dus 'n teken van beide die skepping en van verlossing. Vir die gelowige is dit die bewys (teken) dat hy die ware God ken wat deur Yeshua alles geskape het en wat deur Yeshua die sondaar vrygespreek het.

5. Daarom gedenk ons ook die Shabbat as 'n herinnering dat ons van die slawejuk van sonde bevry is.

*En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en YHVH jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het YHVH jou God jou beveel om die Shabbatdag te hou.  
Deut. 5:15.*

YHVH het Israel van die slawejuk bevry sodat hulle Hom in vryheid kan dien deur volgens Sy onderrig en instruksies (Torah) te leef. Daarom begin die tien gebooe met die woorde: *Ek is YHVH jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.* Ons lees ook in Lev. 19:36 en 37 die bevestiging hiervan:

*Ek is YHVH julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het. Daarom moet julle al my insettinge en al my verordeninge onderhou en dit doen. Ek is YHVH.*

So ook bevestig die psalmdigter die feit dat YHVH Sy volk uit Egipteland uitgelei het sodat hulle Sy insettinge kan onderhou en sy wette kan bewaar:

*En Hy het sy volk laat uitgaan met vreugde, sy uitverkorenes met gejubel.  
En Hy het aan hulle die lande van die heidene gegee, en wat deur volke met moeite verwerf is, het hulle in besit geneem, dat hulle sy insettinge kan onderhou en sy wette bewaar. Halleluja!  
Ps. 105:43 tot 45.*

6. In Yeshua Messias is ons vrygemaak van die slawejuk van sonde. Soos Israel is ons ook bevry sodat ons al YHVH se onderrig en instruksies, Sy Torah, deel van ons leefwyse kan maak. Daarom is die Shabbat ook die teken en herinnering van ons verlossing deur die genade van YHVH ons God en Vader. Dit is die teken en bewys dat ons die bruid van Yeshua is.

## **Die Shabbat is 'n Ewige Verbond**

1. Die Shabbat is ook die teken van die Mosaïese verbond, naamlik die verbond van die wet.

*En die kinders van Israel moet die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Ex.31:16*

Dit is die verbond tussen die Bruidegom en die bruid. Die verbond is die bruid se identiteit en haar erfenis. Dit is die huwelikskontrak en dit leer die bruid alles van haar Bruidegom en van dit wat sy by die Bruidegom sal ontvang wanneer sy Hom liefhet en aan Hom onderdanig is. Die bruid sal die liefdevolle versorging en beskerming van die Bruidegom, Yeshua Messias, deelagtig wees soos in die verbond uiteengesit is.

2. As gelowige in Yeshua Messias het ons saam met Israel by die berg Sinai gestaan en ook verklaar dat ons alles sal doen wat YHVH gespreek het. Ons was ook daar toe die Mosaïese verbond gesluit was.

*En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eedswering nie, maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van YHVH onse God staan, **én met die wat hier vandag nie saam met ons is nie.** Deut. 29:14 en 15*

3. Aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle (Israel). Israel het egter gereeld in ongehoorsaamheid verval, want die woord wat hulle gehoor het, was nie met geloof verenig nie (Heb. 4:2). Ons geloof is in Yeshua Messias verenig met al YHVH ons Vader se onderig en instruksies, naamlik Sy wet (die Torah). Yeshua ons Messias is die Here van die Shabbat (Matt. 12:8) en deur die Shabbat te gedenk en dit af te sonder, bevestig ons ons geloof in Messias as ons Verlosser en Koning.

### **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Indien dit waar is dat die Shabbatsgebod nie meer geld nie, en indien dit waar is dat die eerste dag van die week nou die *dag van die Here* is, beteken dit dan dat YHVH nou die Sondag geseën en geheilig het? Beteken dit dat alles wat geld ten opsigte van die Shabbat nou geld ten opsigte van Sondag of het alles nou verval omrede die vierde gebod kwansuis opgehef is? Moet die mens Sondag dan op dieselfde wyse gedenk as wat die Shabbat gedenk moet word?
2. *Eseg. 20:21 – Maar die kinders was wederstrewig teen My: hulle het nie gewandel in my insettinge en my verordeninge nie onderhou om dit te doen nie – wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; hulle het my Shabbatte ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn te laat uitwoed teen hulle in die woestyn. Is hierdie teksvers steeds vandag van toepassing?*
3. Sommige glo dat die Shabbat net op die Jode van toepassing is. Is dit waar in die lig van Mark. 2:27?

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuweliel.info](mailto:kontak@nuweliel.info)  
Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*